

Wol of Wolskaap quo vadis

Dr. AJ Aucamp

Posbus 34291, Newtonpark, Port Elizabeth 6055



Ek is die afgelope aantal dekades op een of ander wyse ten nouste betrokke by wolskaapboerdery. Die laaste aantal jare, en nou spesifiek, baie betrokke by die ontwikkeling van die wolskaap bedryf in die voormalige Ciskei / Transkei. Indien ek vanuit hierdie hoek na die debatvoering in die wolskaapbedryf, ingeslote die stoetveebedryf kyk, is daar tog 'n klippie in die skoene wat pla.

Die kerndoel van die NWKV se Produksie adviesdienste is die bevordering van winsgewende wolskaapboerdery. Indien dit die geval is, kan ons alleen die fokus op wolproduksie plaas? Indien wolpryse daal is almal in sak-en-as en wil produsente kruisteling toepas, of erger nog, na suiwer vleisskape oorskakel. Die vraag is, is ons wolprodusente of wolskaapprodusente? Dit is belangrik dat hierop 'n duidelike antwoord gekry moet word, aangesien dit bepalend gaan wees t.o.v. die aksies wat ons in die Ciskei / Transkei moet onderneem. Ons moet in gedagte hou dat ons produsente in die kommunale gebiede u in die kommersiële sektor slaafs navolg. Die produsente in die kommunale gebiede is so vasgevang in wolproduksie, dat reproduksie van nul en gener waarde is. Dus, hulle sien hulself as wolprodusente en nie as wolskaap produsente nie. Is dit nie 'n spieëlbeeld van die kommersiële sektor nie?

Die wolskaap is 'n unieke dier deurdat dit gelyktydig twee produkte produseer,

naamlik wol en vleis. Indien ons dus van winsgewende wolskaapboerdery praat, moet beide produkte aandag geniet. Dit is nie die een of die ander nie, maar beide. In die geval van vleisproduksie, is reproduksie die sleutel. Ja, reproduksie is in werklikheid die sleutel tot winsgewende wolskaapboerdery. Dit is 'n realiteit dat die produsent weinig beheer het oor die prys wat hy uiteindelik gaan kry. Hy het egter beheer oor die gehalte en hoeveelheid van sy bepaalde produk en dit word bepaal deur die betrokke produsent se bestuursvaardighede.

Boere oorweeg dikwels om na ander rasse oor te skakel, omdat die ras waarmee hulle boer nie na wense is nie. Dit hou natuurlik ook verband met periodes waarin die prys van sy produk onder druk verkeer. Die feit is egter dat daar al baie oor die ekonomie van verskillende rasse geargumenteer is, maar nog nooit tot 'n gevolgtrekking gekom kon word nie. Die rede hiervoor is eenvoudig dat oor die langtermyn min verskille in die winsgewendheid van verskillende kleinveerasse is. Dit beklemtoon weereens die baie bekende feit dat daar groter variasie binne 'n ras is as tussen rasse. Dus, *rasverandering en kruisteling is geen kitsoplossing tot verhoogde winsgewendheid nie.*

Waar lê die oplossing? Die sleutel tot winsgewende wolskaapboerdery is geleë in verhoogde ooiproduktiwiteit. Die fokus moet derhalwe geplaas word op funksioneel

doeltreffende ooi-kuddes. Die omgewing het 'n belangrike invloed hoe sodanige funksionele dier daar moet uitsien. *Die genetiese variasie binne die Merino bied groot moontlikhede om funksioneel doeltreffende kuddes vir die verskillende produksiegebiede daar te stel.* Word hierdie potensiaal ontsluit? Indien die fokus op funksionele doeltreffendheid geplaas word, sal die beheptheid oor ras ook op die agtergrond skuif.

Indien die strewe funksionele doeltreffende ooi-kuddes vir verskillende produksiegebiede is, hoe kan dit bereik word sonder noukeurige rekordhouding of te wel meting. Hoekom skram ons weg van rekordhouding en meting? Is dit weens die ekstra werk daaraan verbonde? Dit is my persoonlike siening dat gebrek aan rekordhouding winsgewende wolskaapboerdery se grootste vyand is.

Gegewe bogenoemde, worstel ons met geweldige uitdagings binne die ontwikkelende landbou. Hierdie produsente is vasgevang binne 'n bepaalde raamwerk van groter hoe beter, 'n ram moet horings hê en dan veral ras. Laasgenoemde is veral 'n bekommernis. Die fokus, my insiens, word op die verkeerde plek geplaas, dit spreek nie die werklike probleem van hierdie produsente aan nie! Hier het ons 'n tipe wolskaap wat oor baie jare onder unieke omstandighede ontwikkel het. Ons moet sekerheid kry waarheen ons met hierdie 3 miljoen wolskape wil beweeg. Wil ons hier rasse teenoor mekaar afspeel, of wil ons hierdie unieke genetiese materiaal so ontwikkel dat tipiese funksionele wolskape daar ontwikkel word, uniek aan daardie stel omstandighede?

Hier lê 'n groot potensiaal opgesluit en is die produsente in die ontwikkelende gebiede gereed vir die uitdagings. Dit plaas ons ook in 'n besondere verantwoordelike posisie om die regte leiding te gee. Kom ons fokus op funksionele doeltreffende ooi-kuddes, gee leiding en hulp t.o.v. rekordhouding, veral t.o.v. reproduksie. Die boodskap moet wees: "fokus op funksionele ooie, dws:

- 'n ooi wat gereeld lam
- 'n ooi wat lammers suksesvol grootmaak
- lammers produseer met goeie kwaliteit karkasse
- goeie kwaliteit wol van genoegsame kwantiteit binne die beperkings van die omgewing.

Deur hierop te fokus, as bedryf, kan ons met vertroue die toekoms in. Die ander argumente raak dan onbeduidend.

